VLAMMIE Nuusbrief

19 Januarie 2024

Uit die Kantoor

Welkom terug na die heerlike Desember vakansie. Ons glo dat almal goed uitgerus het. ‘n Spesiale woord van welkom aan al ons Gr. R en 1 leerders, sowel as nuwe leerders wat van ander skole af by ons aangesluit het. Ons vertrou dat julle gou deel van die PBS-familie sal voel.

Aan die begin van hierdie nuwe skooljaar wil ek elke leerder aanmoedig om weereens voluit te leef deur aan soveel as moontlik sport- en kultuuraktiwiteite by die skool deel te neem. Gebalanseerde kinders is mos geestelik en fisies, gesonde kinders!

Ons nooi ook elke ouer uit om hierdie jaar u kind te ondersteun en by te staan in elke aktiwiteit asook op akademiese gebied.

Ons vra dat ouers asseblief die Inligtingsaande sal bywoon en dankie by voorbaat vir u betrokkenheid by PBS. Die Gesinsbraai vind plaas op 25 Januarie en ons doen ‘n beroep op ouers om as gesin die aand saam met ons te kom geniet.

Serkte aan elke personeellid met die belangrike opvoedingstaak.

Mag ons as leerders, ouers en personeel almal as ‘n span saamwerk om te bly strewe na uit-nemendheid in elke aktiwiteit wat ons hier by PBS doen.

Mooi loop!

“ Die regte skool vir al die regte redes”

L Smith

Belangrike Datums

23 Januarie • Atletiek Vooraf-items Kleurby-eenkoms • Rugby Proewe o/11 & o/13	**24 Januarie** • Atletiek Vooraf-items Kleurby-eenkoms	**25 Januarie** • Atletiek Vooraf-items Kleurby-eenkoms • Ouerinligtingsaand Gr 4-7 • Gesinsbraai Gr 1-7	**26 Januarie** • Atletiek Kleurby-eenkoms	**27 Januarie** • Mnr Poena Verjaar
28 Januarie • Juf Chantelle Verjaar	**29 Januarie** • Ouerkomitee OOV Vergadering	**30 Januarie** • Voortrekkers Offisiere Verg	**31 Januarie** • Me Ansa Verjaar • Bemarking Verg	**5 Februarie** • Preprimêr Kenmekaar

VLAMMIE Nuusbrief

19 Januarie 2024

Netbal

Netbaldatums vir Kwartaal 1:

⇒ 23 Januarie	o/10 en o/11 Netbalproewe @ 14:00 – 16:00
⇒ 24 Januarie	o/12 en o/13 Netbalproewe @ 15:00 – 17:00
⇒ 16 & 17 Februarie	PBS Netbaltoernooi (o/12A & o/13A)
⇒ 23 Februarie	President Steyn Sportdag (o/10 – o/13 B-spanne)
⇒ 24 Februarie	o/12 en o/13 Goal Getter Action Netball Tournament
⇒ 2 Maart	o/7 Netbalfees (Fichardtpark Laerskool)

Jaarblad 2023

Daar is nog ‘n paar Jaarblaaie van 2023 oor. Indien u graag ‘n 2023 Jaarblad wil aankoop, kan u een teen R120 aankoop op Karri App of by die kantoor.

OOV Vergadering

Die eerste OOV Vergadering vir 2024 vind in die Ouditorium plaas op 29 Januarie om 17:30. Alle verkose lede vir 2024 moet asseblief hierdie vergadering bywoon.

Mammas wat Bid

Daar is weekliks ‘n geleentheid vir Mammas wat saam vir ons skool, onderwysers en kinders wil bid. Mammas wat ook graag hierby betrokke wil raak, kan Donderdag oggende om 07:30 in die PBS Sentrum bymekaar kom. Kontak gerus vir Hannelie by 071 662 7130 indien u belangstel.

Buiteskool Prestasies

Alle prestasies wat buite skoolverband behaal word (Bv. gimnastiek, perdry, karate, musiek ens.) moet aan Juf. Cornel Orrock deurgegee word per e-pos of whattsapp. Die prestasie verskyn in die nuusbrief en daar word erkenning voor gegee Maandae tydens saalperiode.

Tel. nr. 082 202 5986

Epos adres cornel@presidentbrand.co.za

Kleuratletiek

Datum: **Vrydag, 26 Februarie 2024**

Tyd: **06:30 – 13:30**

Leerders moet asb genoeg water drink en saambring, sonskerm opsit en ‘n hoed op hulle koppe dra.

VLAMMIE Nuusbrief

19 Januarie 2024

Mini-Krieket

Mini-Krieket wedstryde vind plaas op die volgende datums:

7 Februarie
14 Februarie
21 Februarie

Rugbyproewe

Rugbyproewe vind plaas op 23 Januarie vanaf 14:00-16:00 vir o/11 en o/13 seuns. Ons vra dat al die rugbyseuns hierdie proewe sal bywoon omdat o/11 & o/13 toerspanne gekies word.

Skoolgelde

Ons herinner ouers daaraan dat skoolgelde verpligtend is. Skoolgelde beloop R15 000 en is vooruit betaalbaar vir die jaar. Betalingsopsie is as volg:

⇒ R15000 eenmalig vooruit vir die jaar.

⇒ Debietorder vir 10 maande.

⇒ Maandelikse betaling van R1500 oor 10 maande. Betalings 1ste van elke maand.

LET WEL: Indien u die skoolgelde maandeliks oor 10 maande wil betaal, moet die eerste betaling van R1500 reeds teen 1 Februarie 2024 gedoen wees. Laaste betaling op 1 November 2024.

Aansoeke vir gedeeltelike vrystelling van skoolgelde kan by die kantoor afgehaal word. Hierdie aansoeke moet volledig ingevul word en so gou moontlik per hand by die kantoor ingehandig word.

By voorbaat dankie vir almal se samewerking deur hul skoolgelde elke maand betyds te betaal.

Oudleerders presteer

Baie geluk aan al die oud-PBS leerders met hul matriekuitslae.

'n Spesiale gelukwensing aan die volgende 3 oud-Vlammies:

Lannice du Plessis en Olga Kotze elkeen 8 onderskeidings en Willie Volschenk 7 onderskeidings. Ons is baie trots op julle!